## BOEKBESPREKING

*deur*

DR. P. J. THEO. KOEKEMOER

**„Enige Aspecten van de leer der Uitverkiezing".** Rapport samegesteld op verzoek van de commissie tot de zaken der Remonstrantse Broederschap en van de Generale Synode der Nederlandse Hervormde Kerk.) Boekencentrum. s'Bravenhage -966. 53 bladsye.

Die eerste poging om die ou geskil tussen die Ned. Herv. Kerk en die Remonstrante te deurdink, is waarskynlik die werk van dr. W. Aalders en drs. J. A. van Nieuwenhuyzen: „Hervormd-Remonstrants Gesprek", 1949. Vier jaar later is deur beide Kerke 'n offisiële gesprekskommissie benoem. By nadere besinning oor die verhouding Hervormd-Remonstrant, neem die leer van die Uitverkiesing 'n eersterangse plek in.

In die arbeid van hierdie kommissie betreffende lg. leerstuk, het daar eenstemmigheid gekom oor o.a. die volgende punte:

(a) 'n Diskussie oor die Verkiesing sal moet uitgaan van die openheid en bereidheid na die Bybelse getuienis hieromtrent.

(b) In hierdie diskussie moet van meet af aan die werke van God in Israel en in Jesus Christus sentraal gestel word.

(c) Daar kan nie in abstracto geredeneer word oor die leer van die Uitverkiesing nie; die struktuur van die Bybelse denke is van groot belang.

(d) Dit moet duidelik gestel word dat in die Verkiesing van God geïnkorporeer is die roeping tot medemenslikheid en verantwoordelikheid, tot getuienis en diensbaarheid.

Op grond van hierdie lg. eenstemmigheid tussen beide Kerke, word in hierdie boekie besin oor agt aspekte van genoemde leerstuk:

(1) Die aktuele betekenis van hierdie leer.

(2) Die nuwe interpretasie van die leerstuk.

(3) Die verkiesende God.

(4) Christus as grond van die Verkiesing.

(5) Die Trefwydte van die Verkiesing.

(6) Verkiesing en heiliging.

(7) Die raaisel van die ongeloof.

(8) Verkiesing, Kerk en Koninkryk van God.

Mens moet dit verwelkom dat die reformatoriese leerstuk van die Uitverkiesing die laaste tyd op hierdie wyse, in die lig van Ou en Nuwe Testament, as 't ware in „hersiening" geneem word, in duideliker taal gestel word. Met alle agting vir Calvyn en andere, is dit tog só dat hierdie leer, soas hulle dit gesien het, vir baie teoloë 'n steen des aanstoots geword het. Na my beskeie mening is dit Karl Barth wat weer só gaan besin het, dat ook hierdie leer deur die gewone lidmaat evangelies aangehoor kan word. Die „dicretum horrible" (Inst. III, 23, 7) kon 'n mens laat dink aan 'n God wat volgens Sy welgevalle ('n welgevalle wat aan willekeur grens) slegs sommige tot die ewige lewe verkies, terwyl Hy andere, die „massa perditionis" vooraf vir die verdoemenis bestem.

Hierdie boekie laat mens tot die goeie gevolgtrekking kom dat die leer van die uitverkiesing, in die lig van die Skrif, nooit as afsonderlik, alleenstaande saak gestel word nie. Dit wil naamlik die genadekarakter, die wonderkarakter van ander uitsprake onderstreep: dat die Kerk die volk van God is, is moontlik deur die verkiesing (I Petr. 2 v. 9); saligheid, heiligheid, geloof is te danke aan die verkiesing (II Thess. 2 v. 13); roeping, regverdiging, verheerliking is vrug van die verkiesing (Rom. 8 v. 30); dat mense „kinders van God" genoem kan word, is moontlik deur die verkiesing, ens. Die leer van die Verkiesing wil verduidelik dat dit genade is om genade te ontvang. Dit gaan in hierdie leer om die **soewereine vryheid van God se genade.**

Die grootste verdienste van hierdie werkie, sien ons egter op daardie punt waar die Christologie en Uitverkiesing in verband met mekaar gestel word. Soos Israel sy uitverkiesing gesien het in die lig van die uittog uit Egipte, so moet die christelike Kerk, die gemeente, sy verkiesing sien in die lig van die Kruis, die opgestane Heer.

God se verkiesing van mense vind nooit plaas buite Christus om nie. Hoe sal ek weet dat ek uitverkies is? Ook Calvyn het hierdie vraag gestel en goed beantwoord: „Sien op Christus". (Inst. III, 24,5). Christus is die spieël, die „speculum electionis". As u aan Christus behoort, dan behoort u tot die „numerus praedestinatorum". Jesus Christus **is die Uitverkorene.** By Sy doop en by Sy verheerliking op die berg, gee God getuienis van

Sy welgevalle in Jesus Christus. (Matth. 3 v. 17 en 17 v. 5. Vergelyk ook lg. twee tekste met Jes. 42 v. 1.) Gelowiges is mense wat in Hom uitverkies is. Daarom is uitverkiesing geen willekeur nie maar dit is aan Christus verbonde. In hierdie verband moet Ef. I v. 4 tot 7 met groot aandag gelees word. In Christus is ons uitverkore (Ef. 3 v. II). Die Uitverkorenes is aan die Seun gegee. (Johannes 6 v. 37 asook Joh. 17 verse 6,9,12,24.

Ons wil in hierdie verband verwys na Barth se beskouing in die K.D. II, 2 bls. 15. Die opstellers van hierdie boekie het weldeeglik daarvan kennis geneem. Waarom is hierdie leerstuk so lank deur baie mense gesien as strydig met die liefde van God? Dit het gebeur omdat Bybelse geloof en abstrak-wysgerige Godsbegrippe verwar is. „Immers, dit Godsbegrip kan niet anders dan uitgaan van een onbewogen godheid, diens besluiten een onveranderlijke gedaante hebben. Het eenmaal door God genomen besluit maakt God tot gevangene van de eigen decreten. Daardoor word God een noodlotsmacht". Juis teen hierdie filosofiese Godsbegrip het Barth skerp te velde getrek; met die Bybelse God, die Vader van Jesus Christus, het dit niks te make nie.

Alhoewel hierdie werkie verre van volledig is omtrent die leer van die Uitverkiesing (ons dink aan vraagstukke soos die leer van die apokatastasis, die supra- en infra-lapsarisme, die s.g. praedestinatio gemina ens.) is dit verhelderheid, insiggewend en lees maklik.